Laerskool Jan van Riebeeck

KLOOFSTRAAT 52 KAAPSTAD 8001 ☎ 021 423 4209 FAKS: 021 423 4210/424 2375
EPOS: jhoosthuizen@gmail.com WEBTUISTE: www.jvrprim.co.za
SKOOLHOOF: J H Oosthuizen

VOOGONDERWYSER BELEID

ALGEMEEN

Die skoolhoof stel die voogonderwyser aan om as mentor te dien vir die proefonderwyser en as skakel te dien tussen die kollege, technikon, universiteit, skoolhoof en die proefonderwyser.

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE VOOGONDERWYSER

- Ontvang die proefonderwyser wat sy / haar praktiese onderwys by die skool kom doen.
- Plaas in samewerking met die skoolhoof die proefonderwysers by die onderwysers.
- Besluit saam met die skoolhoof oor doeltreffende strategieë vir die professionele ontwikkeling van die proefonderwysers.
- Oriënteer die proefonderwyser ten opsigte van die skoolbeleid.
- Oriënteer die proefonderwyser ten opsigte van die fasiliteite wat by die skool beskikbaar is.
- Stel ‘n plan van die skool beskikbaar.
- Oriënteer die proefonderwyser ten opsigte van die norme en standaarde wat in die skool geld.
- Verduidelik reëlings in verband met kurrikulêre aktiwiteite.
- Verduidelik die dissiplinebeleid aan die proefonderwysers.
- Voer gereeld individuele en groepgesprekke met besoekende proefonderwysers om inskakeling te vergemaklik en om professionele ontwikkeling te bewerkstellig.
- Die volgende voorbeelde van aangeleenthede wat tydens sodanige sessies bespreek kan word:
    - Die aard van die gemeenskap waarin die skool geleë is en die invloed daarvan op die klaskamersituasie.
    - Kurrikulêre bedrywighede wat by die skool aangebied word en wenke aan die proefonderwysers wat hulle vir die praktyk voorberei.
    - Die beginsel van verskillende vorme van leer soos toegepas in die skool.
    - Hoe leerderleierskap en selfvertroue in die skool bevorder word.
    - Die handhawing van dissipline.

- Bevordering van jeugweerbaarheid, morele waardes en beginsels.
- Die stelsel van toesig en bevordering.
- Bevordering van ouer-onderwysersverhouding.

PROFESSIONELE GEDRAG VAN DIE PROEFONDERWYSER EN WAT DIT BETEKEN EN / OF BEHELS

Die tutoronderwyser sal in gesprek tree met die proefonderwyser en die onderstaande aspekte bespreek en uitklaar:

- Verwagte optrede in die:
  - openbaar
  - teenoor die hoof
  - teenoor senior personeel
  - teenoor kollegas
  - teenoor onderwysberoep
- Kleredrag en verwante aangeleenthede.

INLIGTINGSLYS WAT AAN PROEFONDERWYSER GEGEE WORD

- Personeellys
- Graad / Klas
- Lokaal
- Onderwyser by wie geplaas is
- Lokaalindeling
- Roosters
- Dissipline beleid en enige ander beleide wat van toepassing mag wees
- Enige ander inligting wat van toepassing mag wees